



CAPE JOINT PENSION FUND

Belmont Office Park, Twist Street, Bellville 7530
PO Box 4300 Tyger Valley 7536
Tel 021 943 5305
Fax 021 917 4114
support@capejoint.co.za
www.cjpf.co.za
Fund Registration No: 12/8/1278/2

Geagte Pensioenarisse

Vir meer as 70 jaar al help die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds werknemers van plaaslike owerhede om te spaar vir die aftrede wat hulle verdien.

Met ons groot poel pensioenarisse en gesonde korporatiewe-regeringspraktyke, het ons Fonds 'n baie trotse geskiedenis van stewige beleggingsopbrengste en stabiele groei in die spaargeld van ons groot ledebasis.

Die Fonds betree nou 'n opwindende nuwe hoofstuk in sy geskiedenis met die bekendstelling van 'n dinamiese nuwe naam en moderne embleem.

Met ingang van 1 Junie 2016 sal die naam van die Fonds verander van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds na die LA-Aftreefonds.

Ons nuwe naam, LA-Aftreefonds, weerspieël die begin van 'n nuwe era – een waarin ons aktief aan die volgende gaan werk:

- 'n Dinamiese vastebydrae-fonds vir aktiewe lede
- 'n Fonds wat sy pensioenbelofte aan u, ons pensioenarisse, bly nakom
- Allesomvattende lidmaatskap wat nie net tot die Kaap beperk is nie
- 'n Unieke, maklik herkenbare handelsmerk wat verteenwoordigend van ons lede as werknemers van plaaslike owerhede is
- Ons doelwit om ons lidmaatskap te vergroot en uit te brei
- Die behoud van ons lede as die grondslag van alles wat ons doen
- Ons trotse geskiedenis van wêreldklaspraktyke van korporatiewe regering en ons soliede beleggingsprestasie

Die naam en embleem van die Fonds word wel meer modern en relevant vir ons diverse lidmaatskap, maar ons voortgesette verbintenis tot die nakoming van ons pensioenbelofte aan u, ons pensioenarisse, bly so sterk soos altyd.

Let asseblief daarop dat hierdie veranderinge nie op enige wyse u huidige of toekomstige pensioen sal raak nie.

Ons gaan in Junie 2016 ook ons nuwe selfoon-vriendelike webtuiste bekendstel. Dit sal maklik wees om te gebruik en sal toegang verskaf tot belangrike en interessante insigte en inligting ... Volg die jongste verwickelinge hier! (www.lareirementfund.co.za)

Om seker te maak dat u op hoogte bly en nie enige kommunikasie misloop nie, kontak asseblief die Administrateur of een van u pensioenaris-trustees om u kontakbesonderhede by te werk. Ons wil veral graag u selfoonnommer en e-posadres hê omdat elektroniese kommunikasie die onmiddellike oordrag van belangrike inligting moontlik maak.

U pensioenaris-trustees is:

Pieter Esterhuizen: 044 851 0096 of 082 923 1598, pieter@capejoint.co.za

Jan van den Berg: 053 631 4386 of 082 874 8593, janvdb@capejoint.co.za

Jan van der Merwe: 023 347 1164 of 082 714 2748, janvdm@capejoint.co.za

Administrateur se Dienssentrum vir Lede: 021 943 5305, support@capejoint.co.za

Ons sien daarna uit om hierdie nuwe en opwindende reis saam met u aan te pak.

Vriendelike groete

Ilse Hartlief

Hoofbeampte

Trustees: Mr HF Botha (Chairman), Mrs M van Zyl (Deputy Chairperson), Mr DL Carstens, Mr du Toit, Mr PW Esterhuizen, Mr J Lawack, Mr WR Meiring, Mr JAH van den Berg, Mr JDB van der Merwe, Mr JD Venter

Principal Officer: Mrs I Hartlief

REV: 201507